



DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

“EK GLO AAN DIE GEMEENSAP VAN DIE HEILIGES...”

Ons hoor dit elke Sondag, maar dring dit wel altyd deur tot ons harte? Glo jy regtig in die gemeenskap, sien jy dit in die kerk, werk jy self daaraan saam? Is jy daar vir iemand as hy/sy jou nodig het, selfs sonder dat daarvoor gevra is? Of dink jy: *"Die mense kan mos sien ek is besig, ek het regtig wel beter dinge te doen as om alweer na sy/haar probleme te luister."*

En die dag wat jy hulp en 'n luisterende oor nodig het, moet die ander wel daar wees vir jou, want anders is hy verskriklik egoïsties. Gee ons genoeg om vir mekaar as broeders en susters in God se groot familie? Dink ons genoeg aan mekaar se gevoelens of skinder ons maar net rond en bond - ons vertel mos net die waarheid! God eis van ons dat ons ons naaste sal liefhê soos onself.

Maar om hierdie gemeenskap tussen ons en ons naaste reg te kry, moet daar ook 'n goeie verhouding tussen God en ons bestaan. Is ons lewe gefokus op God of op ons eie plesier? Is dit nie baie keer so dat ons maar net leef vir onself en aan die einde van die dag agterkom dat God

ook nog bestaan? Miskien is dit bietjie te grof gestel, ons vergeet God nie met opset nie, maar ons is net te besig daarvoor om 'n tydjie aan Hom af te staan. En elke keer moet ons dan weer beskaamd staan teenoor Christus wat Sy lewe gegee het vir ons, en God, ons Vader, wat Sy hele "lewe" al besig is om vir ons te sorg. Deur dan ook 'n goeie verhouding met God te hê, sal ons beter in staat wees om die gemeenskap van die heiliges in ons kerk en samelewing te beoefen. Laat ons ook in die tyd wat voorlê ons inspan om as Christene saam te lewe.

Verder hoop ek dat julle hierdie uitgawe van *Die Olielamp* opbouend sal vind en lekker om te lees!

Sterkte met die eksamens wat vir sommige van ons voorlê en vir die ander, sterkte met die ander alledaagse dinge!

Groetnis
Namens die Maranata-redaksie
Cora Visser

INHOUD

Uit die Woord	2	Sosiaal	11
Sendingswerke	2	Internasionale Kongres 2001	11
Die beoefening van die godsaligheid	3	Sleutelgat	12
3e gebod: hou God se naam hoog	3	Voetspoor	13
Die Bybel: 'n genadewonder	5		
Oppad	5	Boeke	14
Maria verering	5	Die Hoogmoed en die Hartstog	14
Die opbou van 'n kerkgemeenskap	7	Margrietjies & Motte ... kyk hoe lyk ons nou	14
Bybelstudie vereniging (1)	8	Ander	15
Voel jy ook so?	10	"Guard your heart and mind..."	15
Wil jy saamspeel?	10	Gedig: Ons kan nog by ons Oumas leer!	16
Geld beteken alles(?)	10	Verjaarsdae	16

SENDINGSWERKE

Riana van der Lugt

Dit loop soos 'n refrein deur die boek Handeling. Die Woord word oral verkondig. En waar dit verkondig word, lok dit uiteenlopende reaksies uit. Daar is elke keer mense wat luister en hul lewe aan die Here gee. Daarom kan Paulus-hulle orals gemeentes stig. Maar in byna elke stad het hulle hul vasgeloop teen weerstand teen die evangelie. Gewoonlik was dit invloedryke mense, veral Jode, wat die res van die inwoners opgesweep het teen Paulus-hulle. Die apostels het swaargekry as gevolg hiervan. Hulle het in tronke beland, is gemartel en by geleentheid selfs gestenig. Soms is hulle dood-eenvoudig weggejaag.

Handeling 13:1-4 handel spesifiek oor die opdrag wat Bárnabas en Paulus kry om uit te gaan na die heidene om daar die evangelie te verkondig. In Handeling 13:1 sien ons dat Antiochië 'n gevestigde

Redaksies:

Pretoria:

Redakteur: Rinus Kamphuis - kamphuisrk@hotmail.com
 Sekretaresse: Karina Smit
 Penningmeester: Arjan van Houwelingen
 Lede: Willemien Kleijn
 Wilma Lubbinge
 Anita Zielman

Maranata:

Redakteur: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
 Penningmeester: Daniël van der Meulen
 Sekretaresse: Marie Louise van den Bout
 Lede: Cornelia Kerkhoff
 Frans Hagg
 Johan de Vente

Kaapstad:

Redaktrise: Lieneke Eefting - lieneke@xsinet.co.za
 Artikelversorging: Christine van der Linden
 Jaco Haak
 Sekretaresse: Clara van der Vinne
 Finansies: Margreet Moes

Kontakpersone:

Johannesburg: Wolter Bijker
 Bethal: Arnoud van den Bout

Uitleg:

Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:

<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Koste: R35.00 per jaar

gemeente met ampsdraers net soos die gemeente van Jerusalem is. Hier word egter nie van gewone ampsdraers - die ouderlinge - gepraat nie, maar van buitengewones: profete en leraars. Profete en leraars was charismatiese ampsdraers (1 Kor 12:18), mense wat deur die Gees op 'n besondere wyse toegerus was en deur Christus aan die kerk gegee is om die gemeente geestelik te versorg. Die profete was mense wat die besondere gawe van die Gees ontvang het om God se wil met die oog op bepaalde konkrete omstandighede aan die gemeente bekend te maak, in sommige gevalle ook voorsegginge in verband met die toekoms te maak, terwyl die leraars deur die Gees toegerus is om onderrig aan die gemeente te gee.

Bárnabas en Paulus is afgesonder vir die werk waarvoor Hy hulle geroep het. Die Gees openbaar aan die ampsdraers van Antiochië, moontlik deur een van die profete, dat hulle Bárnabas en Paulus moet afsonder. Paulus is lank gelede reeds as sendeling na die heidene geroep, en Bárnabas was ook met die verkondiging van die evangelie besig, maar hulle moes afgesonder word vir die bepaalde werk waarvoor die Heilige Gees hulle geroep het.

Die seën van die Here is op die werk van Bárnabas en Paulus afgebied en hulle is die hande opgelê en laat gaan. Die ampsdraers het Bárnabas en Paulus namens die gemeente die hande opgelê en uitgestuur. Deur die handoplegging het die gemeente verklaar dat hulle Bárnabas en Paulus as gesante van God erken en hulle magtig om namens die gemeente van Antiochië op te tree.

Daar is altyd mense wat hulle deur Satan laat misbruik om in die pad van die evangelie te staan. Jesus het dit al ondervind, net soos Paulus-hulle later op hulle sendingsreise. Jy sal dit self ook ondervind wanneer jy – gehoorsaam aan Jesus se opdrag – mense van Hom begin vertel. Daar sal altyd vrug wees op jou getuieis – al kan jy dit nie dadelik sien nie. Maar daar sal ook teenstand wees. Wees hierop voorbereid en moenie dat dit jou ontmoedig nie.

Bronnelys:

- *Geanker in Christus* – Hannes Burger
- *Handeling van die apostels* – Prof JL de Villiers
- *Paulus – Pionier voor de Messias van Israel* – Dr Jacob van Bruggen

DIE BEOEFENING VAN DIE GODSALIGHEID

Floris Visser

“Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid. Want die ligamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en toekomstige lewe het.”

1 Timótheüs 4:7,8.

Paulus gebruik hier ‘n beeld van sport. In hierdie beeld wil hy vir ons wys dat ons ons tot die uiterste moet inspan om die oorwinning te behaal. Soos ons op die sportveld alles uithaal en wys om die wedstryd te wen, moet ons ook vir die geloof baie dinge los om ten einde die oorwinning te behaal. Daar is egter wel ‘n paar verskille. Op die sportveld bly ons tot die einde toe nie seker van ons oorwinning nie, maar in die geloof mag ons, deur die genade van God, weet dat ons die oorwinning behaal het. Die prys vir die oorwinning is egter ook heeltemal anders. Op aarde probeer ons om te wen sodat ons goed kan voel en geprys kan word deur ander mense, maar die prys in die geloof is die Ewige Lewe. Dit is ‘n baie beter en groter prys. Paulus sê dus tereg dat die ligamlike oefening tot weinig nut is.

Hierdie is ‘n aansporing van Paulus vir ons om hierdie wedstryd te voltooi en te wen. Hierdie aansporing is egter nie sonder hoop of bemoediging nie. Dit kan ons bemoedig, omdat Christus die wedstryd klaar vir ons “gespeel” het. Christus het klaar die oorwinning vir ons behaal. Ons kan dus met alle rustigheid die wedstryd voltooi en hierdie rustigheid is dan nie ‘n arrogante geskreeu of aansporing nie. Dit is nie ‘n arrogante aansporing tydens ‘n moeilike wedstryd nie. Dit is nie net van

“Kom ouens, ons maak dit aan die einde wel!” of “Ag, ons sal wel wen, moenie worry nie!”

Hierdie is egter nie net ‘n belofte vir die toekoms nie. Dit het ook nou vir ons betekenis. Die Here belowe ons ook nou al die seën op ons werke en Hy gee ons nou al alles as ons Hom opreg eer en met Hom lewe.

Paulus praat hier van die oefening van die ligam en die oefening in die godsaligheid. Hy sê dat ons ons in die godsaligheid móét beoefen. Ons moet die beoefening deel maak van ons lewe. Ons moet dus regtig elke dag bid en Bybel lees. Ons moet dit vir niks of niemand laat skuif nie. Die sportoefening laat ons baie keer moeilik afstaan vir ander aktiwiteite. Ons sê dan dat die sport ons eerste prioriteit is. Ons laat ook baie maklik gemeentevergaderings verbygaan, omdat ons op die tyd oefening het. Dit is waarteen Paulus ons hier waarsku. Die gemeenskap met God moet vir ons die belangrikste wees - ons moet niks in die pad laat staan om met Hom in kontak te kom nie. Die sport moet ons maklik op die agtergrond kan skuif en wegbly van oefening, maar van die oefening in die godsaligheid moet ons ons nie laat wegruk nie.

As ons dit nie kan regkry nie, het die sport ‘n afgod geword. Dan is dit nie meer net ontspanning nie. As ons dit egter wel kan regkry, is dit nie omdat ons aan die einde van die wedstryd kan sê: “Die einde is goed, dus alles is goed.” Dan kan ons juig en die Here prys en sê: "Alles was goed, dus die einde was die beste!"

DERDE GEBOD: HOU GOD SE NAAM HOOG

Nicolas Kleyn

“Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie”

- Exodus 20:7

God praat in die derde gebod oor Homself in die derde persoon: Jy mag die Naam van die HERE jou God nie misbruik nie. Dit plaas ekstra klem op die **Naam** van die HERE. Die feit dat die naam *HERE* spesifiek in hierdie gebod genoem word, beteken nie dat slegs hierdie Naam van God nie misbruik mag word nie. Dit beteken ook dat geen enkele ander Naam van God misbruik of ligsinnig gebruik mag word nie, of jy nou oor sy Naam praat of slegs daaroor dink.

’n Persoon se naam is in ’n sekere sin hyself. As iemand ’n slegte naam het, of kry, beteken dit in werklikheid dat hy/sy as persoon as sleg beskou word. As dit by die mense so is, hoeveel te meer is dit die geval met die Naam van God! God se Naam is baie meer as slegs ’n woord of ’n klank in die monde van mense. God se Naam is in werklikheid Hyself. God is gelyk aan en teenwoordig in sy Naam. Daarom kon Dawid aan Goliat sê: “*Ek kom na jou toe in die Naam van die HERE...*” (1 Sam 17:45). Daarmee het Dawid bedoel dat God self by hom was in die stryd teen Goliat. Maar as die Naam van die HERE ydellik gebruik word, word dit van God self losgemaak.

Die derde gebod hou ook 'n straf in vir die wat dit oortree. Alle oortreders daarvan sal deur die HERE self gestraf word. In Levitikus 24:10-16 word vertel van 'n persoon wat die Naam van die HERE oneerbiedig gebruik het. Hy is met die dood gestraf. Daar is nog voorbeelde uit die Bybel. In Jesaja 36 word daar 'n hele nasie gestraf vir die woorde van een man. God is dus ernstig oor hierdie gebod.

Miskien dink jy: “Maar ek laster tog nie God se Naam nie!” Maar jy kan dikwels deur middel van jou optrede aanleiding gee vir ander mense om God te laster. Paulus wys ook daarop as hy Christene aanmoedig om 'n Christelike lewe te lei “sodat die woord van God nie belaster word nie” (Tit 2:5; 1 Tim 6:1). As 'n ongelowige van jou optrede kan sê: “As dit Christene is, wil ek nie een wees nie”, is jy die oorsaak dat Christus belaster word. 'n Kind van God moet immers die beeld van God vertoon (Rom 8:29). As ons hierteenoor 'n Christelike lewensstyl vertoon kan ons “..die leer van God, ons Verlosser, in alles versier” (Tit 2:10).

Ons kan partymaal 'n poging aanwend om die Naam van die HERE te gebruik om buitengewone kragte vir persoonlike doeleindes te openbaar. God se Naam word dan verlaag tot 'n blote formule. Handeling 19:13-20 gee 'n duidelike voorbeeld hiervan. Hierdie gedeelte vertel van die sewe seuns van Skeva wat bese geeste probeer uitdryf het. Maar hulle is dan ook daarvoor gestraf en moes kaal en gewond deur die strate hardloop. Hiermee wys God duidelik dat ons nie Sy Naam mag gebruik om Hom te forseer om vir ons te werk nie.

In valse profesieë word die mens se eie sondige gedagtes of sienings as deel van die Woord van die HERE verkondig. Ook dít is lastering van God se Naam. Die HERE het sy volk herhaaldelik daarteen gewaarsku. As jy die Skrif na jou eie smaak verdraai om by jou siening aan te pas, oortree jy die derde gebod. Dink byvoorbeeld aan die stelling “God is liefde” wat gebruik word om die mens die vryheid te gee om te doen wat hy/sy self wil.

Dit gebeur dikwels dat mense die name *God, HERE, Jesus* en *Christus*, of afleidings daarvan, as blote stopwoorde of uitroepe gebruik in situasies van skrik, verbasing, woede, ensovoorts. In baie boeke en fliëks wat vandag beskikbaar is, word die Naam van die HERE gelaster. Mense wat God se Naam op hierdie wyse misbruik, bedoel miskien nie om God te laster nie. Maar as ons sulke boeke lees of fliëks kyk sonder dat dit ons affekteer en ons daar iets aan doen, is ons ook skuldig. Vir baie het God se Naam 'n normale tussenvoegsel geword wat onnadenkend uitgespreek word. Maar dit beteken egter nie dat dit geen oortreding van die derde gebod is nie.



As 'n persoon die Naam van die HERE misbruik, is dit 'n duidelike aanduiding dat dié persoon óf 'n ongelowige is, óf besig is om een te word, want God het blykbaar vir hom 'n dooie God geword en sy Naam het vir hom alleen betekenis as 'n kragwoord. Laat ons hiervoor oppas.

Die Naam van die HERE word ook ydellik gebruik as ons skuld bely sonder om werklike berou te hê; as ons bid met afdwalende gedagtes en sonder die besef dat ons besig is om met die heilige God te praat; as ons bid sonder vertrouwe op God; as ons Nagmaal vier sonder werklike verootmoediging voor die HERE; as ons lidmate van die kerk van die HERE is sonder ware geloof in die HERE van die kerk. Kortom, elke godsdienstige handeling wat gedagteloos, sielloos, bloot uit gewoonte of bygelowigheid beoefen word, is 'n oortreding van die derde gebod. Dit beteken nie dat Christene soos die Jode die Naam van die HERE glad nie moet gebruik nie. Waar nodig, moet dit gebruik word, maar altyd met die grootste respek, eerbied en ontsag.

Wie durf nou nog sê: “... ek laster nie God se Naam nie!”? As ons ons lewe toets teen God se heilige wet, sien ons net sondes raak en roep ons saam met Paulus: “*Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?*” (Rom 7:24). Gelukkig is daar ook 'n antwoord op hierdie vraag. Daar is Een wat wel die derde Gebod (en al die ander gebooie) gehou het: Jesus Christus. Laat ons in ootmoed na Hom toe gaan om vergiffenis van al ons sondes van Hom te ontvang. Laat ons ook deur die krag van die Heilige Gees strew om meer en meer God se Naam te heilig in ons lewe.

Bronnelys:

Die Tien Gebooie – Prof. P. J. De Bruyn
Never On Your Own – Gordon J. Spykman

DIE BYBEL: 'N GENADE WONDER

Janneke de Vries

Waar is die Bybel geskryf en in watter taal?

Kyk waar is die Bybel geskryf: in die woestyn, op reis as balling, in blydschap, in diepe droefheid, in verdriet en wanhoop, in gevangenis en so kan ons aangaan. Op drie verskillende kontinente: Asië, Afrika en Europa. In drie tale: Aramees, Hebreeus en Grieks. Soos ons die Bybel lees, sien ons dit groei met elke Bybelboek wat in 'n eiesoortige tydperk geskryf is, ons lees dit nou as een geheel, maar dit was alles afsonderlike dele wat uiteindelik eers aan die einde van die tweede eeu min of meer die finale samestelling bereik. M.a.w. nog geen tweeduisend jaar gelede nie!

In die dae van Esra, kort na die ballingskap, is die Ou-Testament letter vir letter - op Maleagi na - feitlik byna geheel afgerond.

Die ontstaan van die Nuwe-Testament is net so uniek. Sover ons weet het Christus self nooit een woord geskryf nie en het die Nuwe-Testament eers 80-100 jaar na Sy geboorte ontstaan. Daar was ook geen oorleg tussen die 4 evangeliste om te bepaal dat:

- Mattheüs sou skryf oor Christus as koning
 - Markus oor Hom as dienaar en profeet
 - Lukas oor Hom as die ware mens
 - En Johannes oor Hom as die Seun van God
- sou skryf nie. Ook was daar geen oorleg dat Paulus en Johannes meer oor die leer en Petrus en Jakobus meer oor die praktyk van die Christendom sou skryf nie.

Ouweneel skryf: *"Hulle het almal geskryf vanuit 'n diepe belewenis wat die behoeftes skep om 'n bepaalde onderwerp in 'n sekere daglig te stel."* Toe hulle werke egter afgehandel was het daar 'n pragtige

en wonderlike eenheid ontstaan. 'n Sodanige eenheid waartoe geen mens in staat was om self te skep nie.

Kritiek / Teenstrydighede

Daar is baie kritiek op die Bybel, omdat - sê die mense - daar baie teenstrydighede in geskryf staan. Enige ander boek wat so 'n ongelooflike omvattende aantal onderwerpe beskryf en volgens sodanige wyse saamgestel sou gewees het, moet feitlik teenstrydighede besit, dit is nie meer as logies nie. Die Bybel skryf oor alles, van geskiedenis, teologie, filosofie, kosmos, natuur, die mens, profesieë tot selfs reisbeskrywings.

Maar diepergaande studies het aangetoon dat hierdie sogenaamde teenstrydighede slegs die aspek vanuit 'n ander hoek belig en ander aspekte van die saak laat sien. Die gevolg is dat dit nog net meer as 'n besondere eenheid gesien moet word. Die Bybel is nie 'n versameling verskillende werke nie, maar 'n eenheid wat slegs in samehang met mekaar verklaar kan word. Die eenheid blyk uit die goue draad wat van Genesis tot Openbaring deur die Bybel loop, naamlik die vrae: Wie is God? Wie is die mens? Is daar 'n verbintenis tussen God en mens moontlik? En indien wel, hoe?

En die antwoord wat telkens weer vorentoe kom is nie 'n verwysing na 'n religieuse program of een of ander soort religieuse verpligting nie, maar slegs na een persoon: **Jesus Christus die enige weg na God!** Geen ander godsdiens op aarde verkondig hierdie baie eenvoudige enkelvoudige proses van geloof - bekering - verlossing nie.

Volgende keer kyk ons na die aktualiteit van die Bybel.

Oppad

MARIA VERERING

Sjirk Geerts

Maria verering in die Roomse kerk. Hoe het dit ontstaan? Wat sê die skrif oor Maria?

In 431 nC op die konsilie van Éfese word die woord 'Theotokos', moeder van God, gebruik teen Nestorius met sy leer van 'n dubbele Christus naamlik:

- Jesus Christus as God
- Jesus Christus as mens

Volgens hom was Maria net moeder van die mens Jesus Christus. Die konsilie van Éfese het dit verwerp en die eenheid van die twee nature van Christus bely. So het dit dan gekom tot die uitdrukking Theotokos, moeder van God. Die klem word dan gelê op God. Maria is moeder Gods, nie soseer omdat sy die aardse moeder is van Jesus (wat ook God) is nie, maar sy het God (wat om die wêreld te red 'n menslike gestalte aangeneem het) voortgebring. Deur haar is die eenheid van die twee nature

gewoon, wat ongelyk en onveranderd is en nie geskei kan word nie.

Die konsilie van Chalcedon (451 nC) het hierdie leer bevestig, maar 'n ander aksent op die naam *Theotokos* gelê. Hierdie konsilie het dwalings bestry wat ontken het dat Christus ware mens is. Die klem val egter nou op moeder. Op Maria as menslike moeder van Christus, terwyl daar in 431 nC nadruk gelê is op die woordjie God. Maria is moeder Gods. Sy is immers die moeder van die Seun van God.

Die Protestante het geen beswaar teen die naam *moeder van God* nie, maar die verskil kom in as daar van die oneindige waardigheid van Maria gepraat word. Omdat sy dieselfde Seun het as die Vader het sy volgens Rome besondere voorregte gekry:

- Blywende maagdelikheid
- Onbevleete ontvangenis
- Hemelvaart
- Middelaars

A. Blywende maagdelikheid

Die maagdelikheid is 'n beter weg om tot God te kom. Die natuurlike is minderwaardig. Hulle baseer dit o.a. op Mattheüs 19:12 en 1 Korinthiërs 7:5.

Toe Maria vir die Engel sê: "*Laat dit met my gaan volgens U woord*", het sy haarself aan die Vader toegewy en is daar geen plek meer vir die natuurlike lewe.

Calvyn het egter gesê: Die maagdelike geboorte is 'n diep geheim. Dit het alles te doen met die feit dat onse Here Jesus vry was van erfsonde. Dit beteken nie dat die huwelik self sondig of minderwaardig is nie. Christus was nie onbesmet omdat Hy slegs uit 'n moeder gebore is nie, maar omdat Hy geheilig is deur die Gees. Sodat sy geboorte rein en suiwer sou wees net soos dit sou wees voor die sondeval in die paradys.



B. Onbevleete ontvangenis

Maria staan met haar Seun seëvierend teenoor die duivel, Gen. 3:15. Volgens Rome sou hierdie oorwinning nie volkome gewees het as sy bevleete was deur die erfsonde nie. Verder sê die Engel in sy groet "begenadigde". Hierdie begenadiging hou volgens hulle ook die erfsondeloosheid in.

C. Hemelvaart

Maria het gelyk geword aan die Seun (Rom 8:29). By ander mense sal dit eers by die wederkoms gebeur. Die oorwinning van Genesis 3:15 omvat ook die gevolge van die sonde, naamlik die dood. Die maagdelike liggaam van Maria mag nie tot ontbinding oorgaan nie. Danksy die begenadiging het sy deel aan die liggaamlike verheerliking en is dit billik dat sy met haar liggaam (sonder erfsonde) opgeneem word.


Rome word in die vasstelling van dogmas nie alleen gelei deur die Woord nie, maar veral deur die gevoelens en tradisies van die mens.

D. Middelaars

Rome sien Jesus as 'n Middelaar tussen God en die mens, en vir Maria as middelaar tussen Jesus en die mens, deur haar voorbede by Jesus, vir ons. Rome het Maria 'n konkurrent van Christus gemaak. Sy het 'n ander Maria geword as die een wat ons in die Skrif vind. Alleen die egte Maria het reg op ons hartlike toegeneentheid.

Ons prys Maria gelukkig vanweë haar uitverkiesing, dat sy op so 'n wonderbaarlike wyse moeder mog word van die Seun van God wat mens geword het. Ons het groot bewondering vir haar soos ons ook sal hê vir iemand soos Paulus. Ons kan en mag egter nie tot haar bid, sodat sy ons sou help nie. Ons volg, wat dit betref haar raad wat sy gee aan die bediende op die bruilof van Kana: "Net wat Hy vir julle sê moet julle doen". Nêrens in die Skrif vind ons ook maar die geringste aansporing om ons te wend tot dié wat reeds gesterf het nie. En ons voel ons alleen veilig by die Skrif wat ons as 'n betroubare gids na die ewige lewe lei.





Gemeenskap (sien ook Ef. 4:15)

Deur kommunikasie en tyd saam deur te bring, kan ons die bande tussen die lede van die kerk sterker maak. Die tyd wat dan saam deurgebring word, moet opbouend wees bv. Bybelstudie, gebed en persoonlike opbouwende gesprekke. Maar ook die

andaggende omge is belangrik om te weet, ons is by mense.

Gehoorsaamheid

Deur Christus word ons nuutgemaak. En dus sal ons ook op 'n nuwe manier begin lewe, dit behels 'n nuwe lewenstyl waarna ons moet streef. Elke faset van ons lewe moet aan God gewy wees.

Samevatting

Ons moet nadink oor maniere hoe ons die kerk kan opbou. God lei ons deur gebed en leringe. Deur te hou aan die vier beginsels van gebed, onderrig, gemeenskap en gehoorsaamheid. Ons moet ook besin waarom ons die kerk wil verander. Wat is die rede? Sodat ons nader aan God kan beweeg? Of omdat die kerk nie meer in jou smaak val nie? Selfsug? Of liefde vir God?

BYBELSTUDIE VERENIGING (1)

Frans Hagg

Vir almal is die opskrif baie bekend. Meeste van ons gaan een maal per week vereniging toe. Maar wat beteken die vereniging vir ons? Wat is die doel van die vereniging? Hoe kan ons dit verbeter? Hoe kan ons dit lekkerder maak? Hoe lei ons 'n vergadering doeltreffend? Hoe betrek ons mekaar op vereniging? Hoe reël ons ontspanning? Hoe moet ons gesindheid by vereniging wees? En so gaan die vrae aan. In die volgende paar dele gaan ons kyk na die verskillende aspekte van deel wees van die vereniging.

Die algemene opvoedingsdoel

Die verenigingswerk maak deel uit van die gereformeerde opvoeding. Die doel van die opvoeding is om die kinders van die verbond te leer om tot eer van God te lewe, tot opbou van Sy gemeente en tot heil van sy naaste.

Hierdie opvoedingstaak is allereers aan die ouers gegee. Hulle het die verantwoordelikheid aanvaar by die doop. Hulle mag hul kinders die Woord van die Here leer en hoe om as kind van God te lewe.

Die algemene doelstelling van die verenigingswerk

In ooreenstemming met die belofte wat die ouers by die doop afgelê het, wil ons hê dat die opvoeding by die huis, op skool, by die kerk en by die vereniging 'n eenheid vorm.

Dus die algemene doelstelling van verenigingswerk is as volg:

Die kinders van die Verbond moet mekaar help om die Here en Sy Woord te leer verstaan, sodat hulle onderskeid kan tref tussen goed en kwaad. (Fil.1:9-11)

Die konkrete doelstellings van die verenigings-werk

Is 'n indeling van doelstellings moontlik en aanvaarbaar?

In onderwyskundige publikasies is dit gebruikelik om tussen verskillende doelstelling te onderskei o.a. Kennisdoel, Belewingsdoel en Sosiale doel. Is die indeling vir ons bruikbaar?

Wanneer ons praat oor die kennis van die Skrif en oor die verstaan van die Here as God, gaan dit veral oor verbonde wees aan en vertrouwd wees met God en Sy Woord. Vertroulike omgang met God. In Hebreeus word die woord *ken* ook gebruik om geslagsgemeenskap aan te dui. Dit dui op die intieme omgang met God en Sy Woord. Op baie plekke in die Woord word oor ken en kennis gepraat as *ken in liefde*, nie net met die verstand nie, maar ook veral met die hart (Joh.17:3; Rom. 11:33)

Wanneer ons in ons verenigingswerk praat oor die leer ken van die Here as God van die Verbond en oor God se groot daade in die kerkgeskiedenis, dan is dit meer as net verstandelike kennis, nl. om met die hele jong mens betrokke wees: met sy verstand, met sy gevoel, met sy wil, met sy gewete, met sy lewenswandel.



Deur te kyk na bg. kan ons tot die konklusie kom dat daar besware kan kleef aan die indeling van doelstellings. Maar tog wil ons dit gebruik om meer duidelikheid te kry. Vir die oorsigtlikheid wil ons die doelstellings van ons verenigingswerk onder verdeel in die volgende:

- a) Kennis: Dis die doelstellings wat te make het met insig, wete en denke
- b) Belewing: Dit het betrekking op gevoelens, oortuigings, belewing, ervaring en waarde toekening
- c) Sosiaal: Hier gaan dit oor die omgang met ander, saamwerk en saam lewe.

Kennis

Vir die jong mens is dit baie belangrik dat hulle die Here en Sy verbond leer ken uit Sy Woord as die God van die verbond. In die Woord van God vind hulle die wil van God vir hulle geloof en lewe. Christus staan sentraal in die Verbond. God het na die sondeval die wêreld nie losgelaat nie, maar het sy Seun vir ons gestuur om vir ons sondes te betaal.

Dan is dit ook belangrik dat ons God se groot werke in die kerkgeskiedenis moet raaksien. Want daaruit leer ons nog meer van God en dus versterk dit ons geloof ook meer. Ons leer om op Hom te vertrou en te sien hoe God in ons lewens werk.

Ons moet ook leer hoe om die Belydenisgeskrifte te gebruik en te leer ken. Die geskrifte kan dan weer met die Bybel vergelyk word om dan sodoende die geskrifte beter te verstaan.

Dan moet ons ook leer hoe om te vergader. Dit mag "simple" klink, maar tog is dit nodig om daarna te kyk en te bepaal wat die beste tegniek is. Ons moet leer om na mekaar te luister en ook op 'n goeie en duidelike manier te antwoord. Die voorsitter is veral verantwoordelik daarvoor, maar die res van die lede moet ook bydraes daartoe maak.

Belewing

Allereers moet ons leer om God lief te hê en Sy Woord te aanvaar. Daarsonder kan ons nie verder gaan met Bybelstudie nie. En so wil God dit ook hê. Hy wil graag hê dat ons Hom moet liefhê en Sy Woord aanvaar. Want hoe beter ons Hom ken hoe hartliker kan ons Hom liefhê. Dit moet dan ook duidelik uit die bespreking na vore kom dat God ons Vader is en dat Hy vir ons wil sorg.

Verder moet ons onself en mekaar toerus tot lewensheiliging. Die begrip Heilig het twee kante nl. aan die een kant afsonder van die sonde en aan die ander kant moet ons onself toewy aan die diens van die Here en Sy gemeente en aan die naaste. Die Skrifgedeelte moet dan betrek word by die konkrete leef-en-ervaringswêreld van die jeug. Hier kan ons dan gerus 'n bietjie kyk na wat wel mag en wat nie mag in die wêreld. En onself toerus om 'n brandende lig in die wêreld te wees.

Maar bowenal moet ons onself toerus tot die geestelike stryd in die wêreld. In Efesiërs 6 gaan dit oor die wapenrusting wat ons moet aantrek om te kan stry teen die geestelike vyande van die wêreld. En 'n deel van die aantrek van die wapenrusting vind plaas by die vereniging. Dus, sonder Bybelstudie by vereniging verswak ons ons wapenrusting.

Sosiaal

Ons moet leer om met mekaar om te gaan as kinders van die verbond. Ons moet lewe tot heil van ons naaste en nie onself eerste stel nie. Dit is 'n baie belangrike aspek in die vereniging. Sonder dit kan die vereniging nie goed funksioneer nie. Ons moet leer om mekaar te respekteer en mekaar te help, al lyk dit nie altyd of dit nodig is nie.

Daarby moet ons leer om te luister na mekaar. En leer om 'n goeie gesprek te kan voer waar ons ons standpunte kan stel en dan daarvoor kan praat en diskussieer.

En dan moet ons mekaar aanvaar soos wat ons is. Almal is deur God geskape na Sy ewebeeld. En ons het nie mekaar uitgesoek nie, maar God het ons bymekaar in die gemeenskap van die Heiliges geplaas. Ons moet leer om in die posisie waarin God ons geplaas het ons taak te vervul wat God ons op gelê het (Rom 12: 4-8).

Ten slotte het die verenigingswerk ook 'n ontspanne element. Ons mag en moet ontspanne en gesellig met mekaar omgaan. Dit verbeter die vergaderingskwaliteit baie en dan motiveer dit ons nog meer om beter bybelstudie te doen. Want ons mag en moet dit geniet om tot eer van God te lewe.

Volgende keer gaan ons kyk na hoe en wat voorsitter wees behels en hoe ons die vergadering beter kan laat funksioneer.

Verwerk en vertaal uit: *Werken in het verbond; Handleiding ten dienste van leid(st)ers en ouderbesturen.*

WIL JY SAAMSPEEL?

Tanya de Vente

Dit is 'n gewilde speletjie. Miskien dié gewildste speletjie. Ons speel dit gereeld. Veral by 'n koffiedrink, Vrydagaand-kuier, vleisbraai ens....

Dit word gewoonlik doelbewus gespeel. Miskien begin dit by die stelling: "Ek moet hierdie week by jou kom kuier of jou bel sodat ek weer op datum kan kom!" Dit is amper soos om die agterblaai van 'n sekere "sensasie-belusde-afrikaanse-tydskrif" te lees. Net sodat jy op datum kan kom wat die "celebs" in Hollywood doen. Wie is getroud/geskei/saam gesien/verwag 'n kind ens....

Soos die agterblad van 'n sensasieblad, so klink dit meestal by 'n normale koffiedrink na kerk!

Die reëls van die speletjie is baie eenvoudig. Almal wat wil saamspeel word aanklaers genoem. Ongelukkig mag die aangeklaagde en advokaat van verdediging nie teenwoordig wees of saamspeel nie. (Matt. 7:1 *Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word.*)

Sodra die aanklaers (wat nou ook as regters dien) die vonnis gevel het, word die etikette uitgedeel. Op die veroordeelde word etikette geplak. Groot en duidelik sodat almal kan sien wat daar staan: *Flirt, Nerd, Hoogmoedig, Rokjagter, Slet, Konserwatief, Liberaal, Loser* (om maar 'n paar te noem). Miskien was dit 'n botteltjie aarbei-stroop, nou lees die etiket gif.

Dit is 'n lekker speletjie, nê? Moenie sê jy sal nie weet nie. Almal speel saam! Wat egter nie altyd

beseft word nie: Dit is 'n dodelike speletjie, 'n gevaarlike speletjie. Die uitspraak word gegrond op derdehandse inligting sonder enige bewyse. Die leuen van die enkeling word 'n mening van die massa. (Spreuke 10:18 *Agter die woorde van 'n huigelaar sit daar haat; wie skinderstories versprei, is 'n dwaas.*) Die uitspraak lei tot beswadding van ons mede-christene.

Dit is ook nie slegs onregverdig om so te oordeel oormense nie, dit is definitief ook onchristelik. Om etikette op mense te plak met beperkte feite en verraderlike gevoelens is nie iets wat by 'n christen hoort nie. (Spreuke 11:12 *'n Onverstandige mens praat met minagting van 'n ander; 'n verstandige mens swyg.*) Daarom, voordat jy iets sê oor of vir enigiemand, vra jouself drie dinge: Is dit waar? Is dit vriendelik? Is dit nodig?

*Quisquis amat dictis absentum rodere vitam
Hae mensa indignam noverit esse suam.*

Vrylik vertaal in Afrikaans: Wie hulle belaster of verkleineer wat hier nie teenwoordig is nie, moet weet dat hy by hierdie tafel nie welkom is nie!

Graag sluit ek met bogenoemde spreuk af wat Augustinus op sy tafel laat graveer het om sy gaste daaraan te herinner dat daar oor niemand geskinder mag word om sy tafel nie. Augustinus het 'n verskriklike afkeer gehad in skinderpraatjies. Graveer die spreuk op jou koffietafel en op jou koffiebeker. Miskien sal dit ons twee maal laat dink voordat daar weer 'n onskuldige skuldig bevind word...

GELD BETEKEN ALLES(?)

En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie (Luk. 12:15).

'Money is flat and meant to pile up' - Of dit is wat die Skotse gesegde sê, en wat ek ook geglo het. Vandat ek klein was, wou ek nog altyd eendag ryk wees. En nie net 'n bietjie nie, maar sommer baie ryk sodat ek alles kan doen en koop wat ek wil, en nooit vir enigiets hoef te spaar nie. Nou dat ek ouer is, is dit nie meer vir my belangrik nie, nie dat ek nie ryk wil wees nie, maar dit is nie wat ek dink my gelukkig sal maak nie.

Die mens wou nog altyd "hê", en dit wat baie mense wil hê is geld. Hebsug is oral om ons. Van sogenaamde *Television Game Shows* met name soos *Greed*, die wekelijkse lotto en casino's tot 'n Hansie Cronje wat met 'n WWJD-bandjie om sy arm by weddenskap en wedstrydknoeiery betrokke was. Maar, dit is ook in ons. Een van die dinge wat ons die maklikste van God kan aftrek is geld en hebsug,

Omdat ons dink dat geld sionem met geluk en voorspoed behoort te wees.



Om ryk te wees is nie verkeerd nie, inteeendeel, dit is 'n gawe van God wat ons mag geniet. Dit is wanneer die drang na geld jou lewe oorheers en vir jou te belangrik word, wanneer dit 'n gevaar raak. Wanneer jy aanhou verlang na materiële rykdom, kan dit maklik lei tot 'n verarming in jou geloofslawe. En dan ontbeert jy iets wat geld nie kan koop nie. "*Julle kan nie God en Mammon dien nie*" (Matt.6:24).

Geld kan 'n kerk bou, maar nie geloof koop nie, en kan hospitale in stand hou, maar nie gesondheid verskaf nie. Geld kan 'n bed koop, maar nie 'n goeie nagrus nie; 'n spoghuis, maar nie 'n tuiste nie; kennisse, maar nie vriende nie. En dit vergeet ons baie maklik.

Daar is 'n ander soort rykdom wat baie belangriker is as die aardse rykdom. Die rykdom in God. Wanneer jy in God glo, en Hom liefhet, vind jy veel groter vreugde en versekerdheid as wat geld jou kan bied. Dan is jy ryker as wat jy ooit kon droom. En al lyk jou geldsake nie goed nie en is dit 'n stryd om elke maand kop bo water te hou, dan nog mag jy die vertrouwe hê dat God na jou omsien en sy hand oor jou lewe uitgestrek hou.

Wil ek nog steeds ryk wees? Wel ... ek sal nie omgee om te wees nie, maar die rykdom van my geloof is vir my baie belangriker. Dit mag skynheilig klink, want ek sal nog altyd wens ek het dinge wat ek nie het nie, maar ek sal my nie daardeur laat oorheers nie.

Sosiaal

INTERNASIONALE KONGRES 2001

Tema: 'Being a Christian beyond 2000: mission impossible?!'

Wilma Lubbinge

Van Donderdag 7 tot Maandag 11 Junie het jeug van reg oor die wêreld in Groningen, Nederland, saamgekom om aan die kongres deel te neem. Daar was ongeveer 50 persone wat vir die kongres opgedaag het die helfte van die buiteland en die ander helfte uit Nederland.

Die tema van die kongres het dan ook gesentreer oor hoe 'n mens as Christen kan leef in die moderne era. Vir elke dag is daar 'n onderwerp gekies wat dan eers ingelei is deur 'n spreker en daarna in groepies bespreek is. Tydens die kongres het ook baie duidelik uitgekome hoe verskillend gemeenskappe regoor die wêreld is.

Met deelnemers uit die buiteland: Kanada, Noord-Ierland, Brasilië, Venezuela, Skotland, Australië, Etiopië en natuurlik Suid-Afrika. Die sprekers was ook nie net van Nederland nie, maar ook uit Engeland (London) en Skotland.

Die volgende temas is onder andere bespreek: Kinders van een Vader; Die opbou van God se kerk; en Diakonale werk.

Die Sondag tydens die Kongres was baie besonders gewees. Omdat die meeste van die buitelanders nie


Nederlands kan verstaan nie, is dit sinloos om hulle 'n gewone erediens te laat bywoon. Daarom is daar 'n spesiale erediens in Engels gereël. Die erediens was ekstra buiten die gewone eredienste. Ds. Robertson van Skotland het in die erediens voorgedaan. Die aand was daar 'n tweetalige erediens gereël. Ds. Alko Driest het in Nederlands gepreek, maar die Psalms, bybelgedeeltes, Geloofbelydenis, gebed en preek was in Engels vertaal en is met 'n projektor teen die muur geskyn. So kon die gemeente en gaste die eenheid van die geloof ervaar.



Wat die kongres vir my ook spesiaal gemaak het, was dat al die deelnemers van die buiteland by gasgesinne gebly het. So het 'n mens ook deel gevoel van die Nederlandse lewe.

Denkwe dat die kongres baie interessant was, was dit ook baie versterkend gewees. Om te hoor hoe ander Christene ook met dieselfde probleme worstel of die unieke probleme en situasies wat hulle moet hanteer. Ons het ervaar dat daar ten spyte van verskille soveel meer ooreenkomste is. Belangrikste van alles: Ons is almal kinders van een Vader.

Goeie nuus: Skotland het besluit dat hulle Konferensie 2003 wil aanbied in Edinburgh! So begin spaar – dis voorwaar 'n unieke en leersame ervaring.



Rehobot

Gen 26:22: " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

SLEUTELGAT

Hallo al julle sleutelgatloeders! Die winter is op ons. Dit het ons Kapenaars maar 'n bietjie ingeperk en die *socials* was maar dun gesaai. Dit is maar moeilik om Clifton toe te gaan wanneer daar 5 meter hoë deinings is en dit reën katte en honde (soos Alf sou sê). Miskien moet ons soos Maarten orals Cup-a-Soup saamsleep, gereed vir alles. Paratus ad Omnia!

Die eerste gebeurtenis was toe ons by die Antonidesse gaan video kyk het. Met Ewart hulle se *state-of-the-art* videomasjien en 'n video wat verdrag baie herinneringe aan Indiana Jones opgewek het, was dit baie vermaaklik. Die aand was nog jonk en van die geesdriftiges het nog 'n tien-op-en-neer spel aangedurf, gewapen met 'n heerlike bottel rooiwyn. En omdat Hester en Annamarie nie gespeel het nie, het Ewart die kans op 'n eerlike *game* met altwee hande aangevat om weer sy titel as "Die Koning" te verstewig en buite twyfel te plaas. Ongelukkig het dit nie so goed gegaan nie en selfs redelike nuwe en opkomende deelnemers het hom gefnuik. Ek dink Hester en Anna het hom goed *gerattle!*

Dit sou weer 'n hele tydjie vat voor die jeug weer *ophook* te danke aan die griepvirus wat, omdat die jeug so *close* is, gou versprei en 'n hele paar van ons platgetrek het. Intussen was daar koffiedrink by Axel. Ja, Axel! Meeste van julle sal verskoon word dat julle nie agtergekom het dat Axel en Erik weer terug is nie. Hulle steek maar kop weg. Nee, dit is nie a.g.v. siekte nie, dit is eerder die *lovebug* wat hulle gebyt het! In elk geval was die koffiedrink verfrissend en die veterane het almal op die punte van hulle stoele gehou met hulle staaltjies. Die koue

het maar almal vroeg laat huis toe verlang en dit was gou verby.

30 swetende fris bulle wat stoei om 'n ovaal bal met 30 000 mense wat hulle aanmoedig, malligheid? Nee, dis die Drie Nasies rugby, opwinding vir vele van ons dames wat *die-hard Percy fans* is! Eerste op die spyskaart is die All Blacks teen die Bokke. Piet en Frans het goedgegunstiglik hulle huis oopgestel en die atmosfeer kon met 'n mes gesny word. Ongelukkig het die manne die onderspit gedelf met 'n kort koppie. Almal was natuurlik in trane en gelukkig was die dag gered toe iemand voorstel dat ons 'n video gaan kyk. Ongelukkig het die TV *replacement* gekort met klagtes oor die beeld maar dis beter as die Haaks se berugte video aand wat nie eintlik *Dolby Surround Sound* gehad het nie!

Van die jeuglede het nie veel belanggestel in die wedstryd nie en besluit om die Belhar Kerrie-en-Rys-cum Talent-cum Sangaand te gaan bywoon. Ons het ons eie talent saamgebring in die vorm van ons twee beeldskone jong dames: Sonja en Carina. Daar was blykbaar maar min opkoms maar die aand was genotvol en die kerrie-en-rys het vorentoe gesmaak. Selfs TLV (Tender Loving Voices) was daar (Nee, nie TLC nie) wat 'n paar talentvolle jong ouens was wat Westlife sou laat les opsê het! (Wat aan die ander kant volgens Ewart ook nie te moeilik kan wees nie.)

Ons moet ook maar 'n paar oomblikke dink aan Theo wat gekortwiek was toe sy poeg opgepak het. Gelukkig is hy weer op die pad. So dink maar twee keer voordat jy 'n poeg *dice* want dit mag dalk net

nie (Engeland) wees en dan kyk jy ook op jou neus.

Jeugvereniging het weer op volle pas weggespring en 'n nuwe voorsitter moes gekies word omdat Peter ons binnekort gaan verlaat. Ja, ons *rots in de branding* gaan oorsee! *Enjoy!* Erik-Jan was "in flames" en het die opposisie gekniehalter en met die louere

weggehoop (en julle dog my zinneloos is nie op *scratch* nie!). Sterkte *bru!*

Laastens wil ek net weereens welkom sê aan ons *imports* uit die *Gangsters Paradise* (GP), Anita en Albert. Hulle het hulle al lekker hier ingeburger en mag die toekoms net groen weivelde inhou vir julle! Daarmee sluit ek maar af. Tot volgende keer en lekker klasloop.

VOETSPOOR

Hallo almal.

Hoe gaan dit nog met julle? Met die Voetspoor gaan dit baie goed, maar veral baie besig om rond te sluip en te soek na nuwe dinge wat gebeur het. Op my soektogte kon ek darem op 'n paar gebeurtenisse afkom. Dit sal ek graag met julle deel.

Allereers wil ek begin deur aan Wolter Miske en Anita Spies baie geluk te sê met hul verlowing. Ons is almal baie bly saam met julle en wens julle 'n vreugdevolle toekoms toe.

Dan moet ek julle net meedeel dat ons geliefde broeder in die verstrooiing verhuis het en die bosveld as nuwe tuiste gekies het. Andreas, ons hoop jy geniet dit daar en ons is almal bly dat jy so 'n bietjie nader aan ons kom bly het. As die blad uitkom is ons beplande kuier by hom al weer iets van die verlede.

Ons eie "biker" het 'n ongeluk met sy motorfiets gehad. Gelukkig was dit nie te ernstig nie en sien ons hom al weer rondloop, al gaan dit nog so nou en dan hinke-pink. Gerjan, ons hoop jy herstel gou.

Die jeug van Maranata het 'n Vossejag gereël. Almal moes om sewe-uur by Brooklyn-Mall winkelsentrum bymekaar kom (dis nou die aand vir dié wat dalk anders gedink het) en het dan 'n papier met name op gekry vir wie hulle moes soek. Dit was groot *sports* en tot 'n tannie wat haar hare gekleur het, maar wat nie 'n vos was nie, moes deurloop onder die jagters. Die aand was dus 'n groot sukses.

Ons mog ook 'n ou bekende weer vir 'n tydjie in ons midde hê. Carolien vd Linden het met twee (of was dit nou drie) van haar vriendinne vir ons kom kuier vanuit Nederland. Ons hoop julle het dit geniet hier.

Dan het die jeug twee keer by ons nuwe gemeente in Springs gaan kuier. Weens seer voete kon Voetspoor

nie saamgaan nie, maar het uit betroubare bronne verneem dat dit 'n groot sukses was en die jeug het dit baie daar geniet. Springs, baie dankie vir jul gasvryheid. Dit word opreg waardeer.

Tante Kiek Kiekebelt was so gaaf om al die jeug uit te nooi om saam met haar haar 70ste verjaarsdag te vier. Ons was toe Sondagaand na kerk na Roose se huis waar ons toe almal saam lekker partytjie gehou het.

Die jeug van Pretoria het vir een Saterdagoggend 'n Skons-en-Muffin ontbyt gereël. Almal was toe na die Botaniese Tuine toe waar ons lekker saam gekuier het. Heerlik tog op so 'n Saterdagoggend!

Dan gaan die geldinsameling nog lustig voort. 'n Klomp van die jeug het die koue aangedurf en gaan motorvensters was. Dit was hope pret en ons kon darem weer so paar sente ekstra insamel.

Die Voetspoor se voete moet nou eers 'n bietjie rus en weer opnuut gaan rondsluip om sodoende nuwe nuus vir die volgende keer te hê.


Groete, die Voetspoor.



DIE HOOGMOED EN DIE HARTSTOG ~ JACK CAVANAUGH

GELOFTEREKS NO.1

'n Nuwe reeks boeke uit die pen van die bekende Amerikaanse skrywer. Sy vorige reeks romans het gegaan oor die Puriteine en hulle trek deur Noord-Amerika. Die skrywer het deeglike navorsing gedoen in Suid-Afrika en Nederland, en het daarom 'n goeie agtergrond kennis van die geskiedenis. So kry hy dit dan ook reg om 'n baie realistiese beeld te skep en 'n geloofwaardige storie te vertel.



Die verhaal begin aan die heel begin: Dit is die oorsprong van die Franse Hugenote in Suid-Afrika. Margot se ouers vlug vir hulle lewe na die herroeping van die Edik van Nantes in Frankryk, maar hulle word vermoor.

Margot word deur pleegouers grootgemaak, maar moet na die afsterwe van haar pleegma vir haar lewe vlug omdat sy van heksery aangekla word. En so beland Margot de Campion op 'n skip na Kaap die Goeie Hoop.

Soos dit enige goeie roman betaam is die hoofkarakter se lewe vol probleme, avonture, aantreklike mans en vele meer opwindende dinge. Ook is sy geseën met goeie, maar tog unieke karaktertrekke wat haar gereeld in die moeilikheid laat beland. So praat sy teë, oorreed hardvotige mans om van plan te verander en is verder die goeie fee wat almal wil help.

Die storielyn is maklik om te volg, maar bevat – na my mening – te veel detail en loop dan te skielik tot 'n slotsom. Andersins is dit 'n lekker-lees boek wat jou vir ure sal besighou en jou laat uitsien na *Deel 2: Opsoek na die Beloofde land*.

Beskikbaar by die Mediateek.

MARGRIETJIES & MOTTE ... KYK HOE LYK ONS NOU

~ MARETHA MAARTENS

Nege jaar terug het die eerste *Motte en Margrietjies* boek verskyn. En nou is daar 'n nuwe en hersiene uitgawe. Hersiene? sal jy vra. Ja, maar nie dat enigiets teruggetrek word van die eerste Mot en Margriet boek nie. Nee. Maar tyd het verby gegaan en ons is nie meer dieselfde mense nie. Soos Maretha dit beskryf in die inleiding: *Baie dinge het sedertdien radikaal verander en basiese dinge het dieselfde gebly. Die lewe en denkwysse van baie vroue het teen asemrowende spoed in nuwe bane beland. Maar diep binnekant het ons tydloos Eva gebly.*

Nou, ag jaar later, staan ons weer voor die spieël. Ons is deur storms en vloedwaters. Ons is dalk effens meer gehawend, maar ook rustiger, wyser. Ons het geleer wat binnekant, waar niemand kan sien nie, aangaan. Ons het geleer watter vervulling in diens is. Ons het dieper onder die indruk van God se liefde vir elkeen van ons gekom...



En so begin die lekker-lees aan 'n boek wat raadgee, die regte pad wys en soms liggies oor die vingers tik en vermaan. Die boek het nog steeds sy ou waarhede, maar is tog verfrissend nuut en is 'n moet

vir elke huis se boekrak. Nie net om daar te staan nie, maar om gereeld uitgehaal te word en gelees te word. Sodat dit deel word van jou lewensbestaan en jou kinders weer by jou kan leer.

En moenie dink dis 'n boek vir vroue alleenlik nie. Mans het net so veel om te leer en af te leer. Koop hom vir jouself, jou kind, jou vriendin, jou ma, jou skoonma of enigiemand wat dit nodig mag kry.

Hoe gouer ons leer om ons voordeure nà 'n werksdag oop te stoot, ons asems in te trek

omdat die atmosfeer in ons huise droos en breekbare is, klagteloos koffie te maak as niemand anders daaraan dink nie, soene en drukke uit te deel al verdien ons mans dit nie, te lag en te sing en te prys

en te verhoed, hoe gouer gaan ons agterkom hoe aansteeklik so 'n nuwe denksisteem is.

P22 - Piet en Margriet.

Ander

“GUARD YOUR HEART AND MIND...”

Uit: The Contender (Jeugblad van Australië)

Cheronne Vermeulen

It's 9am on a Sunday morning. An old lady is sitting on the bench waiting for her son's family to come in. Watching, waiting. Observing the people walk into Church. She sees the young single mother struggling with her 2-year-old child. She notices the rings under her eyes, the stress lines on her face, a 'fed-up', frustrated face. She says a silent prayer for the young mother and reminds herself to go and ask her how she is doing after the Church service is over.

She notices an unkempt, longhaired, red-eyed youth snuff his cigarette on his shoe, toss the butt on the pathway and shuffle into the Church. Her shoulders droop slightly and she prays another silent prayer *“Lord show him the Way, Give him Your Spirit, Help him to see that You can cleanse hearts and make changes. Help him to know You ... Be with his parents...”* She reminds herself to speak to her grandson about involving the young man in their youth group.

She hears a footstep and turns her head. The pastor of the Church walks past, his head down. She calls out a greeting; no response. She starts to feel slighted, then reminds herself of his task. *“He's probably thinking about the upcoming sermon, such a busy man”*. She says a prayer of thanks for the pastor. *“Thank you for the faithful preaching Lord. Bless him and his task. Help him in preaching this morning's sermon. Give him strength and wisdom ... Bless our congregation Lord with its many needs...”*

A touch on her knee. She looks down to see her grandchild looking up at her. *“Are you sad, Grandma?”* *“No child, I'm not sad. These are happy tears ... Shall we go to Church?”* They enter the church building together, both smiling.

On the other side of the entrance is an older man. He is dressed in a suit, waiting for his wife to drop the children off. He sees the young mother struggling with the toddler. He mentally shakes his head. You reap what you sow... He remembers when they found out about her ... sad case really.

He notices a young man toss his smoke on the path way. Honestly!! Smoking on the church grounds! and to throw it on the path, and those clothes ... jeans and a t-shirt to Church! ... But then, what can you

expect? Rebellious child that he is ... But then, his parents ... they really should put their foot down. My children don't smoke ... and look how they are dressed. He stands a little taller.

Ah ... here comes the pastor. *“Good morning!”* he calls. He receives no response. Far out! Can't even say good morning to me! Such poor social skills. Thinks that because he's the minister he doesn't have to say good morning to the members of his congregation. His sermons weren't too crash-hot lately either. He'd discussed it with a few people now. What does he do with all his time...?

A young lady walks into church. Oh that was the one that his daughter had said asked all those questions in club. Just doesn't accept things, always has to question. And that guy that she was seeing ... well people said that she was seeing him ... shocking!!!

He saw the old lady walk in with her grandchild. Really keeps to herself that one. Not very active in the communion of saints. She's not THAT old.

His wife rounds the corner. At last! *“Come on...”* They enter the Church...

Church is over. The man in the suit stands with his friends. *“Good sermon on the Communion of Saints this morning wasn't it?”* *“Yeah – it's really something we need to work on...”* *“Hey did you hear about that girl of _____”*. She's going out with a guy from outside. Shocking! Haven't seen her in Church lately either. Apparently she's on drugs.” *“Ooooh – I'll make sure my children don't hang around with her...”*

The old Grandmother is making her way to the car. A lady taps her on the shoulder. *“Please could you pray for my daughter. She's got a boyfriend outside the church and I'm scared she's into drugs ... Please pray for her...”*

Communion of Saints.

The way we think of people.

The way we speak about people.

The way we act towards people.

The way we pray...

GEDIG: ONS KAN NOG BY ONS OUMAS LEER!

“My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooie bewaar; want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder. Laat liefde en trou jou nie verlaat nie”.
Spreuke 3:1-3a.

Daar is baie dinge wat ons by bejaarde mense kan leer. Hulle het baie meer lewenservaring as wat ons het. Dit is regtig die moeite werd om vir hulle te

luister en om vir hulle vrae te vra. Die volgende gedig, geskryf deur “Rooikappie” (anoniem), vertel van ’n besoekie by Ouma. Kom ons volg haar voorbeeld en kuier by ons Oumas en Oupas asook die ander bejaarde gemeentelede.

Groete,
Willemien Kleyn

Ouma

*Maar Ouma, hoekom
Is Ouma se oë so groot?
My dae is min
En die tyd is kort
Alles wat ek sien
Begin ’n belewenis word.*

*Ouma, u ore
Hoekom is u ore so groot?
Om woord vir woord presies te hoor
Voor ek die soet van klank vir ewig verloor.*

*En u mond, Ouma?
Vir ullaas wil ek nog
Vir my kinders sê
Hoe goed dit is
Om lief te hê.*

*Liewe Ouma
My oë kyk nog skeef
En my ore hoor half
Maar al wat my dom mond wil vra
Is dat God u veilig
Op u laaste reis sal dra.*

Rooikappie

VERJAARSDAE

Bethal

Elize Botha 25 Aug
Leclue Nienaber 12 Sep

Johannesburg

Leon Byker 13 Aug
Eunice Boessenkool 27 Sep

Kaapstad

Margreet Moes 6 Aug
Clara van der Vinne 6 Aug
Carina van Alten 6 Aug
Ewart Antonides 10 Aug
Sandra Scheltens 20 Aug
Wietske Douma 26 Aug

Theo de Vries 29 Aug
Mirjam Raimond 31 Aug
Lieneke Eefting 3 Sep
Ernst-Jan van Vondel 4 Sep
Christine van der Linden 20 Sep
Chrisjan van Alten 23 Sep
Christine Scheltens 24 Sep

Maranata

Ria de Vries 2 Aug
Jurrie Eilers 17 Aug
Reinier Raimond 15 Sep
Mirjam de Vries 16 Sep
Cornelia Kerkhoff 20 Sep
Reinier van den Bout 27 Sep

Pretoria

Christiaan Zielman 1 Aug
Erik-Jan de Wit 2 Aug
Wilma Lubbinge 3 Aug
Hilde Ros 5 Aug
Annelie de Jong 6 Aug
Laurike Bosker 21 Aug
Albert Smit 22 Aug
Anja Kamphuis 22 Aug
Martin Kamphuis 22 Aug
Annet Lubbinge 23 Aug
Hilda Middelljans 3 Sep
Nonka Bijker 4 Sep
Marius de Jager 8 Sep
Sjaak Hagg 12 Sep
Sonja van der Veen 19 Sep
Magriet Smit 19 Sep